


**eduresourceza.com**

Downloaded from eduresourceza.com



# ST BENEDICT'S COLLEGE
## AFRIKAANS EERSTE ADDISIONELE TAAL
## JULIE - EKSAMEN 2014

**GRAAD:** 11 ………………

**NAAM** : Memo

**DATUM:** JULIE 2014 **TYD**: 2 Uur

**EKSAMINATRISE:** Mev. E. Mathey

**MODERATRISE:** Mev. U. Smith en Mev A. Stothard

**INSTRUKSIES.**

1. Beantwoord al die vrae op die vraestel.
2. Maak seker dat jy jou naam en klas inskryf.
3. Skryf asseblief netjies.

| | | | |
|---|---|---|---|
| TOTAAL:100 | AFDELING A=35 | AFDELING B=35 | AFDELING C=30 |

**AFDELING A: BEGRIPSTOETS**
**LEESSTUK 1:**
**VRAAG 1**
**Lees die Internetartikel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae wat daarop volg.**



**DODEDANS VAN DIE DONDERSTORM**

- WEERLIG, HAEL, VLOEDWATERS, DALK SELFS VERWOESTENDE TORNADO'S VEROORSAAK DAT 'N MENS NOOIT JOU ONTSAG VIR DONDERWEER MOET VERLOOR NIE.
- ELKE OOMBLIK, OOK TERWYL JY NOU HIER LEES, WOED DAAR NIE MINDER NIE AS OMTRENT 1800 DONDERSTORMS OP AARDE. DIS 'N ONGELOOFLIKE 16 MILJOEN PER JAAR!
- MAAR, WAT IS DONDERSTORMS EINTLIK?



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**MEER OOR WEERLIG.**

- Weerlig kom in alle donderstorms voor, elke jaar tref dit die aarde omtrent twintig miljoen keer.
- Die krag van 'n enkele blits sou, as dit "vasgevang" sou kon word, 'n gloeilamp van honderd watt langer as drie maande kon laat brand.
- Sowat tagtig mense word jaarliks deur die weerlig doodgeslaan en ongeveer driehonderd beseer.
- Die meeste sterftes en beserings kom smiddags en saans in die somermaande voor wanneer die meeste mense buitenshuis deur donderweer oorval word. Mense is al in die afgelope jare deur weerlig gedood terwyl hulle op 'n boot rondgevaar het, onder 'n boom gestaan het, gholf gespeel het, oor die telefoon gepraat het, perd gery het en berg geklim het, om maar net 'n paar bedrywighede te noem.
- Baie brande in beboste gebiede word deur die weerlig veroorsaak.
- Die lug in die onmiddellike omgewing van 'n weerligstraal raak warmer as die oppervlak van die son!!!! Die vinnige verhitting en verkoeling van die lug naby die Weerligkanaal veroorsaak 'n skokgolf wat ons as 'n donderslag hoor.

**HOE VER WEG IS DIE DONDERSTORM?**

Toe ons ouers en grootouers nog met myle pleks van kilometers gewerk het, het hulle so gemaak om dit te bereken.

- Tel die getal sekondes tussen die blits en die volgende donderslag.
- Deel hierdie getal deur 5 om die afstand in myle na die weerlig te bepaal.
- In kilometers dan? Een myl staan gelyk aan omtrent 1.6 kilometer. Dit lyk of 'n mens die getal sekondes deur 3 moet deel om naastenby die kilometerlesing te kry, of hoe? Stel met jou sakrekenaar vas of dit korrek is!

**VEILIGHEIDSMAATREËLS TEEN WEERLIG.**

- Stel buitelugbedrywighede uit wanneer die weer vir 'n donderstorm opsteek. Dit is die beste manier om te voorkom dat jy in 'n gevaarlike situasie beland.
- Sorg dat jy dadelik in 'n stewige gebou of 'n motor kom. Moenie onder afdakke, onder geïsoleerde bome of in 'n voertuig met 'n verstelbare kap gaan klim nie. Bly weg van hoë voorwerpe soos torings, heinings, telefoonpale en kragdrade.
- As dit blits en daar is nie 'n stewige skuiling nie, klim in 'n toe motor met 'n harde bak en hou die vensters toe. Moenie aan enige metaal raak nie.
- Moenie oor die telefoon gesels nie – tensy daar 'n nood is. Vermy enige elektriese apparate. As die modem van jou rekenaar met jou foon gekoppel is, ontkoppel dit betyds.

**AS JY BUITE IS EN DAAR IS NIE SKUILING NABY NIE.**

- Vind 'n plek wat laaggeleë is, weg van bome, heinings en pale. Maak egter seker dat dit nie 'n leegte is waar vloedwater jou kan oorval nie.
- Indien jy in die bos tussen baie bome is, gaan skuil onder die korter bome.
- As jy 'n prikkeling op jou vel voel of jou hare regop staan, hurk laag op die grond op die balle van jou voete. Plaas jou hande oor jou ore en druk jou kop tussen jou bene in. Maak jouself die kleinste moontlik en maak die kontak wat jy met die grond het, so min as moontlik. MOET NIE OP DIE GROND GAAN LÊ NIE!!!!!
- As jy êrens op 'n dam of 'n rivier in 'n boot vaar, sorg dat jy so gou as moontlik by droë grond kom en skuiling vind.
- Onthou wanneer jy die donderslae kan hoor, is jy naby genoeg om deur die weerlig getref te word! Bly binnenshuis vir dertig minute nadat jy die laaste donderknal gehoor het.

NB Beantwooord al die vrae op die vraestel



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com

0828069205



**VRAE:**

**1.1 Kies die antwoord wat NIE korrek is NIE. Skryf net die vraagnommer en die letter neer.**
**Volgens die artikel kan donderstorms lei tot………**

**A. Vloedwaters.**
**B. Hewige rukwinde.**
**C. Verwoestende Tornado's.**
**D. Weerlig en Hael.**

……………………B…………………………………………… **(1)**

**1.2 Kies die antwoord wat nie by die stelling inpas nie. Skryf net die letter neer.**
**As jy buitenshuis is en daar is geen skuiling naby nie, moet jy……**

**A. Jou kontak met die grondoppervlak tot die minimum beperk.**
**B. Wateraktiwiteite binne dertig minute stop en dan droë grond soek.**
**C. Heinings, pale en oopkapmotors vermy.**
**D. In 'n laaggeleë plek weg van bome af skuil.**

……………………B…………………………………………… **(1)**

**1.3 Noem EEN woord wat vir 'n mens sê dat jy donderstorms moet respekteer.**

……………………ontsag…………………………………… **(1)**

**1.4 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur uit die teks aan te haal.**

**- Daar woed daagliks slegs 1,800 donderstorms op aarde.**

…Onwaar "elke oomblik ….. 1800 donderstorms op aarde"… **(1)**

**1.5 Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Motiveer jou antwoord deur uit die teks aan te haal.**

**- Dit is toelaatbaar om soms tydens 'n donderstorm onder 'n boom te skuil.**

…Onwaar "weg van bome"… **(1)**

**1.6 Verduidelik wat 'n donderslag is.**

…Die lug in die omgewing van weerligstraal raak warmer…
…Die vinnige verhitting en verkoeling van lug naby die weerligstraal soek 'n skokgolf… **(2)**

**1.7 Voltooi die volgende paragraaf deur die korrekte woorde in die leesstuk te vind.**

**Baie jare gelede het die oumense nie in kilometers gemeet nie, maar in 1.7.1…myle…Die krag van een blits kan 'n gloeilamp sowat 1.7.2 ……..maande laat brand.**

**1.7.1** ……myle……………………………………

**1.7.2** ……drie maande………………………………… **(1)**



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



1.8 Haal twee opeenvolgende woorde uit die leesstuk aan wat vir ons sê hoeveel mense jaarliks as 'n direkte gevolg van weerlig tydens donderstorms sterf.

sowat tagtig ........................................ (1)

1.9 Tydens watter seisoen van die jaar kom die meeste van die sterftes en beserings deur weerlig voor?

Somer ........................................ (1)

1.10 Noem twee buitenshuise sportaktiwiteite wat tydens 'n donderstorm lewensgevaarlik kan wees?

Seil, gholf, bergklim en perdry (enige 2) (2)

1.11 Kies 'n woord uit kolom B om by kolom A te pas. Skryf slegs die letter neer.

| KOLOM A | KOLOM B |
|---|---|
| 1.11.1 Probeer om tydens donderstorms nie hier te skuil nie. | A. As jy iewers op 'n rivier of dam op 'n boot vaar. |
| 1.11.2 Aantal donderstorms per jaar. | B. Binnenshuis. |
| 1.11.3 Veiligste plek tydens erge storms. | C. Afdakke en geïsoleerde bome. |
| 1.11.4 Jy moet so gou as moontlik op droë grond kom en skuil. | D. Min of meer 16 miljoen. |

1.11.1 ......C......

1.11.2......D......

1.11.3......B......

1.11.4 ......A...... (2)

1.12 Hoeveel tyd moet verloop ná die laaste donderknal voordat dit veilig is om dit weer buitenshuis te waag?

Dertig minute ........................................ (1)

1.13 Watter berekening sal jy maak om uit te werk hoeveel kilometer ver die weerlig van jou af is?

Tel die getal sekondes tusser die blits & volg donderslag en deel hierdie getal deur 3 (2)

**TOTAAL: 17**
**LEESSTUK 2:**



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**VRAAG 2:**

**JONG TALENT:**
**CARMEN PRETORIUS**

**Deur: Carien Kruger** **(Rapport, 5 April 2012)**
**http:/www.rapport.co.za/MyTyd/Nuus/Jong-talent-Carmen-Pretorius-20120405**



**Terwyl haar tydgenote nog droom oor wat hulle wil word, het dié Johannesburger al 'n hele string hoofrolle agter haar naam. Die jongste is dié van Lien in die fliek *Lien se Lankstaanskoene*, wat onlangs in Pretoria verfilm is.**
**"Dit wat die lewe jou gee, moet jy vat en die meeste daarvan maak." Dis hoe Lien en Carmen die lewe beskou. Carmen wou van kleintyd af sing en het op die ouderdom van agt jaar al begin neul om sanglesse te neem.**
**Elke geleentheid wat sy kon kry, was sy op die verhoog. Sy is uit 'n Afrikaanse huis na die Northcliff High School sodat sy kon leer om vlot Engels te praat sonder 'n Afrikaanse aksent. Sy moes goed klink in Engels om die rolle te kry.**
**In haar matriekjaar het sy M-Net se werklikheidsreeks *High School Musical* gewen. Omdat sy so besig hiermee was, moes sy die aanvullende matriekeksamen skryf en het vyf onderskeidings behaal, So 'n mooi meisiekind en nog slim ook!**
**In die musiekblyspele *Footloose en Mamma Mia!* het sy die hoofrolle van onderskeidelik Ariel en Sophie vertolk. Haar TV-werk sluit in Chantel in die reeks *Getroud met Rugby* en Lucinda in die sepie *Binneland.***



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Carmen is verlief op toneelspel. Sy het ook die vorige jaar 'n solo-album opgeneem. Sy studeer sowaar ook nog BCom (Bemarking) deur Unisa. Ja, dié meisiekind is nes Lien: Iemand met groot drome wat nie bang is om te werk om dit waar te maak nie.
Sy is paranoïes oor haar stem en vermy dus rokerige plekke of waar sy hard moet praat. Sy het altyd 'n sakkie met doepas vir haar stem soos keelseerpille, homeopatiese middels, voorskrifmedisyne en altyd Fisherman's Friend-suigtablette.
Vir die res van hierdie jaar het sy reeds twee produksies waaraan sy werk en 'n lang lys van dinge wat sy nog wil bereik.

**VRAE:**

2.1 Van watter stad is Carmen Pretorius afkomstig?

Johannesburg (1)

2.2 Waarna verwys die woord "tydgenote" in die eerste paragraaf? Skryf slegs die letter neer.

A. Tieners wat baie tyd het om hulleself te vermaak.
B. Tieners van dieselfde ouderdomsgroep.
C. Tieners van dieselfde geslag.
D. Tieners wat ten alle tye pret het.

B (1)

2.3 Waarvoor is Carmen nie bang nie?

Om haar drome waar te maak nie. (1)

2.4 In watter twee Afrikaanse televisiereekse het Carmen gespeel?

Getroud met Rugby, Binnelanders (1)

2.5 Wou Carmen altyd van jongs af op die verhoog wees? Motiveer deur uit die teks aan te haal.

Ja "Elke geleentheid wat sy kon kry was sy op die verhoog" (1)

2.6 Watter fliek was haar eerste blootstelling aan rolprentwerk?

Lien se lankstaanskoene (1)

2.7 Watter kwalifikasie het Carmen en waar het sy studeer om dit te bekom?

BCom (Bemarking) Unisa (1)

2.8 Waarom vermy Carmen rokerige plekke?

Sy is paranoïes oor haar stem. (1)

2.9 Noem twee dinge wat in Carmen se sakkie vol doepas is.

Keelseerpille, homeopatiese middels, voorskrifmedisyne, Fisherman's friend suigtablette. (1)

2.10 Wat het Carmen en Lien in gemeen?

Groot drome + nie bang om hard te werk om dit waar te maak nie. (1)

2.11 Noem die blyspele waarin sy al gespeel het en die name wat sy daarin gehad het.

Footloose - Ariel
Mamma Mia - Sophie

6

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Mamma Mia ........................................................................................ (2)

**2.12** **Is die volgende stelling WAAR/ONWAAR? Bewys deur uit die teks aan te haal.**
**Carmen werk nie nou aan produksies nie en wil niks bereik nie.**

Onwaar "vir die res v/d jaar het sy twee produksies 'n langlys van dinge....." (1)

**2.13** **Waarom moes Carmen die aanvullende matriekeksamen skryf?**

Sy was besig met M-Net se werklikheids-reeks High School Musical – en dit gewen, sy was klaar besig hiermee. (1)

**TOTAAL: 14**

**LEESSTUK 3**
**VRAAG 3: SPOTPRENT**
**Beantwoord die vrae op die vraestel.** Verwerk uit Beeld.

Bestudeer die onderstaande strokiesprent en beantwoord dan die vrae.






Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**VRAE:**

3.1 In watter plek is die twee honde?

Hondehotel ........................................................................ (1)

3.2 Wat beteken die woord "menu" in Afrikaans?

Spyskaart ........................................................................ (1)

3.3 Wat is die tema van al die films onder die televisiestel?

Diere ........................................................................ (1)

3.4 Van watter taal is die woord "Cherie" afkomstig?

Frans ........................................................................ (1)

**TOTAAL: 4**

**GROOTTOTAAL: 35**

| Vraag 1 (17) | Vraag 2 (14) | Vraag 3 (4) | TOTAAL: 35 |
|---|---|---|---|
| | | | |

**AFDELING B**
**TAALLEER**
**VRAAG 1:**
**WOORDSTRUKTURE**

**WEERLIG TREF NEGE SKOLIERE OP KES-VELD**

13 FEBRUARIE 2013



STRENUE



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



*Die Taalvrae is op die bostaande koerantartikel gebaseer:*

| | |
|---|---|
| King Edward VII School in Houghton is een van die 1.1 (swakste) skole in Johannesburg. In 2013 het weerlig 1.2 (eerstespan-krieketspelers/eerstespan krieketspelers) getref. | 1.1 Gee die antoniem.<br>1.2 Kies die korrekte spelling. |
| Die 1.3 (jong) seun was 16 jaar oud en die 1.4 (oud) seun was 18 jaar oud. | 1.3 Gee die oortreffende trap.<br>1.4 Gee die oortreffende trap. |
| Die krieketveld 1.5(op+wat) die seuns gespeel het, is met hoë bome omring. | 1.5 Gee een woord. |
| Parktown Boys High School asook Jeppe High School for for Boys het 1.6 (duim/ hande/ hoop/ mekaar) vasgehou vir die spoedige herstel van die krieketspelers. | 1.6 Kies die korrekte woord. |
| Die krieketspelers het baie 1.7(gelei/gely/gelui) 1.8 (as gevolg van) die pyn wat hulle ervaar het. | 1.7 Kies die korrekte woord.<br>1.8 Gee die afkorting. |
| By al die skole landswyd was daar gebede vir die nege krieketspelers se 1.9 (vinnige) herstel. Hierdie insident het om 1.10 (2:30) plaasgevind. | 1.9 Gee die sinoniem.<br>1.10 Skryf in woorde. |
| Die ouers van die seuns het 1.11 (argument) omdat hulle baie ongelukkig was oor wat gebeur het. Dit is so jammer dat so iets gebeur het tydens 'n krieketwedstryd. Die seuns het al 1.12 (met+dat) vrede gemaak en is nie meer bang om op die veld te gaan nie. Hulle speel 1.13 ( baie vinnig) sodat hulle nie deur slegte weer gevang word nie. Jy moet die reëls 1.14 (weet/ken) van wat om te doen as daar weerlig is voordat jy op die krieketveld gaan. | 1.11 Korrekte vorm van die woord.<br>1.12 Gee een woord.<br>1.13 Intensiewe vorm.<br>1.14 Kies die regte woord. |
| Kriekettoerusting is 1.15 (baie duur) daarom moet krieketspelers dit goed oppas. | 1.15 Intensiewe vorm. |
| Hulle afrigter het hulle 1.16 (belowe/geloof/geglo) dat so 'n verskriklike storm nie weer sal gebeur nie. | 1.16 Gee die korrekte woord. |
| Die seuns 1.17 (wie/wat) in die storm beseer is, maak gelukkig goeie vordering. Die seuns 1.18 (wie/wat) se beserings baie ernstig was, maak goeie vordering tuis. | 1.17 Kies die korrekte woord.<br>1.18 Kies die korrekte woord. |
| Die ma van KES wat al 1.19 (huil) van die insident vertel het, het gesê haar seun gaan nie weer krieket speel nie. | 1.19 Korrekte vorm van die woord. |
| Daar is tans baie nuwe reëls wat ingestel is om leerlinge te beskerm teen beserings tydens donderstorms. 1.20 (Vlg.) jaar moet die leerlinge onmiddellik van die veld afkom as hulle die eerste donderslag hoor. | 1.20 Skryf die afkorting uit. |
| <u>TOTAAL: 10</u> | |



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



***Die Taalvrae is op die bostaande koerantartikel gebaseer:***

King Edward VII School in Houghton is een van die 1.1 (swakste) skole in Johannesburg. In 2013 het weerlig 1.2 (eerstespan-krieketspelers/eerstespan krieketspelers) getref.
Die 1.3 (jong) seun was 16 jaar oud en die 1.4 (oud) seun was 18 jaar oud.
Die krieketveld 1.5(op+wat) die seuns gespeel het, is met hoë bome omring.
Parktown Boys High School asook Jeppe High School for for Boys het 1.6 (duim/ hande/ hoop/ mekaar) vasgehou vir die spoedige herstel van die krieketspelers.
Die krieketspelers het baie 1.7(gelei/gely/gelui) 1.8 (as gevolg van) die pyn wat hulle ervaar het.
By al die skole landswyd was daar gebede vir die nege krieketspelers se 1.9 (vinnige) herstel. Hierdie insident het om 1.10 (2:30) plaasgevind.
Die ouers van die seuns het 1.11 (argument) omdat hulle baie ongelukkig was oor wat gebeur het. Dit is so jammer dat so iets gebeur het tydens 'n krieketwedstryd. Die seuns het al 1.12 (met+dat) vrede gemaak en is nie meer bang om op die veld te gaan nie. Hulle speel 1.13 ( baie vinnig) sodat hulle nie deur slegte weer gevang word nie. Jy moet die reëls 1.14 (weet/ken) van wat om te doen as daar weerlig is voordat jy op die krieketveld gaan.
Kriekettoerusting is 1.15 (baie duur) daarom moet krieketspelers dit goed oppas.
Hulle afrigter het hulle 1.16 (belowe/geloof/geglo) dat so 'n verskriklike storm nie weer sal gebeur nie.
Die seuns 1.17 (wie/wat) in die storm beseer is, maak gelukkig goeie vordering. Die seuns 1.18 (wie/wat) se beserings baie ernstig was, maak goeie vordering tuis.
Die ma van KES wat al 1.19 (huil) van die insident vertel het, het gesê haar seun gaan nie weer krieket speel nie.
Daar is tans baie nuwe reëls wat ingestel is om leerlinge te beskerm teen beserings tydens donderstorms. 1.20 (Vlg.) jaar moet die leerlinge onmiddellik van die veld afkom as hulle die eerste donderslag hoor.

**<u>TOTAAL: 10</u>**

1.1 Gee die antoniem.
1.2 Kies die korrekte spelling.
1.3 Gee die oortreffende trap.
1.4 Gee die oortreffende trap.
1.5 Gee een woord.
1.6 Kies die korrekte woord.
1.7 Kies die korrekte woord.
1.8 Gee die afkorting.
1.9 Gee die sinoniem.
1.10 Skryf in woorde.
1.11 Korrekte vorm van die woord.
1.12 Gee een woord.
1.13 Intensiewe vorm.
1.14 Kies die regte woord.
1.15 Intensiewe vorm.
1.16 Gee die korrekte woord.
1.17 Kies die korrekte woord.
1.18 Kies die korrekte woord.
1.19 Korrekte vorm van die woord.
1.20 Skryf die afkorting uit.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**VRAAG 1:**
**Woordstrukture.**

| | | | |
|---|---|---|---|
| 1.1 | sterkste | 1.11 | ge/argumenteer |
| 1.2 | eerstespan-krieketspelers | 1.12 | daarmee |
| 1.3 | jongste | 1.13 | blitsvinnig |
| 1.4 | oudste | 1.14 | ken |
| 1.5 | waarop | 1.15 | peperduur |
| 1.6 | duim | 1.16 | belowe |
| 1.7 | gely | 1.17 | wat |
| 1.8 | a.g.v. | 1.18 | wie |
| 1.9 | spoedige | 1.19 | huilende |
| 1.10 | twee dertig thalf drie | 1.20 | volgende |

(10)

**VRAAG 2:**
**SINSTRUKTURE**

**2.1 Die krieketspelers is per ambulans na die Milpark-hospitaal geneem. Hulle is deur die weerlig getref.**

**Omdat** die krieketspelers deur weerlig getref is ✓ is hulle per ambulans na die Milpark-hospitaal geneem ✓ **(1)**

**2.2 Weerlig het laatmiddag nege van KES se top krieketspelers getref.**

**Nege van KES se top krieketspelers** is ✓ laat middag ✓ deur ✓ weerlig getref ✓ **(2)**

**2.3 Twee van die krieketspelers is in 'n slegte toestand na die hospitaal laat gaan.**

**Eergister** was ✓ twee van die krieketspelers in 'n slegte toestand na die hospitaal laat gaan ✓ **(1)**

**2.4 Vier van die nege krieketspelers is twee dae later uit die hospitaal ontslaan om by die huis te gaan aansterk.**

**Om by die huis te gaan aansterk** is vier van die nege krieketspelers twee dae later uit die hospitaal ontslaan ✓ **(1)**

(alles moet reg wees vir 1 punt) 10

Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



2.5 Weerlig het die krieketspelers getref. Weerlig is 'n alledaagse verskynsel in Johannesburg. (Verbind die twee sinne met..wat)

Weerlig wat die krieketspelers getref het, is 'n alledaagse verskynsel in Johannesburg (of andersom) (2)

2.6 Onderwysers en leerlinge behoort traumaberading te kry.

Sowel onderwysers as leerlinge behoort traumaberading te kry. (1)

2.7 Die Skoolhoof sê: " Julle het nog steeds nie my krieketveld reggemaak nie"

Die Skoolhoof sê dat hulle nog steeds nie sy krieketveld reggemaak het nie (2)

2.8 Het die krieketspelers al uit die hospitaal gekom?

Nee, die krieketspelers (het nog nie) uit die hospitaal gekom nie (1½)

2.9 Die krieketveld moet vandag klaar wees, maar die werkers het nog nie begin nie.

Al moet die krieketveld vandag klaar wees, het die werkers nog nie begin nie. (of andersom) (1½)

2.10 Jeppe High School for Boys laat sy krieketveld opknap.

Verlede jaar het JHSB sy krieketveld laat opknap. (1)

2.11 Die krieketspelers moet asseblief van die krieketveld afkom!

1-½ nie • dat nie

Nee, die krieketspelers moet asseblief nie van die krieketveld afkom nie! (2)

2.12 Die hospitaal in Johannesburg het elke dag baie probleme met beseerdes ondervind.

Baie probleme is elke dag met beseerdes deur die hospitaal in Johannesburg ondervind. (2)

2.13 Die krieketspelers is ernstig deur die weerlig beseer. Veiligheidsmaatreëls is deur die skole ingestel. Verbind die twee sinne met ..(dus)

Die krieketspelers is ernstig deur die weerlig beseer dus is veiligheidsmaatreëls deur die skole ingestel. (nie andersom nie) (1)

2.14 Krieketspelers moet ingelig wees oor die gevare van weerlig.

In die toekoms sal krieketspelers (ingelig) oor die gevare van weerlig (ingelig) moet wees. (1)

2.15 Die krieketspelers moet elke dag hard oefen.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Die krieketspelers hoef…nie elke dag hard te oefen om vinnig te kan hardloop nie………… (2)

2.16 Die krieketspelers is ernstig beseer. Die krieketspelers het nie vinnig van die veld afgekom nie.

Aangesien…die krieketspelers ernstig beseer is, het hulle (die krieketspelers) nie vinnig van die veld afgekom nie (andersom)………… (1)

2.17 Die krieketafrigters van Parktown kyk graag oor naweke krieket by Wanderers.

Krieket…word (graag) oor naweke (graag) deur die krieketafrigters van Parktown by Wanderers gekyk.………… (2)

**TOTAAL: 25**
**Groottotaal : 35**

| | | |
|---|---|---|
| **Vraag 1** | | **10** |
| **Vraag 2** | | **10** |
| **Vraag 3** | | **15** |
| **Totaal** | | **35** |

**Gedigte: Sefapano en Safari**
**Kortverhaal: Die Brief**

**Vlak bereik: 1 2 3 4 5 6 7**



**NAAM:** Memo.

**Vraag 1. Sefapano**

**Lees die onderstaande gedig deur en beantwoord dan die vrae wat volg.**

**Sefapano - Johan Lodewyk Marais**

Kruis
na die
opslaan
ons oë
waarheen ons
op die berg
*ditapole*
*mekopu*
*poone*
*dikgoho*
*dipodi*
*dipere*
*dikgomo*
vir reën
gaan bid



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



sing
met 'n stok
agter die *moruti*
werksklere
mans in
komberse
vroue met kopdoeke
stofbesaai
deur die suurveld
beweeg
begin die stoet
kom hulle bymekaar
van Hlomisa

1.1. Hoekom begin hierdie gedig van onder af.

Begin van Pelgrimstog na bo-punt van berg om by kruis te gaan bid vir reën. Dui op kronkelende pelgrims tot bo. (1)

1.2. Wat kan jy aflei uit die volgende aanhalings:

(a) 'mans in werksklere'

Net so gekom om saam te loop om te gaan bid

(b) 'agter die moruti'

Die leier, hy lei pelgrims berg-op en is sang & gebed. Hoof van die kerk (2)

1.3.1. Noem die belangrikste ding waarvoor die mense bid?

Reën (1)

1.3.2. Hoe weet jy dat die grond hier nie baie vrugbaar is nie? Haal net 'n versreël aan.

deur die suurveld (1)

1.3.3. Haal twee aparte woorde aan wat wys dat hierdie gedig 'n godsdienstige gedig is.

Bid en Kruis (2)

1.4.1. Wat is a) *mekopu* en b) *dipodi* in Afrikaans?

a) Pampoene b) Bokke (1)

1.4.2. Waarom word die vee in 'n sekere volgorde genoem?

Orde van belangrikheid, Belangrikste → minder belangrike. (1)

1.5. Na watter psalm verwys die versreëls 'ons oë opslaan na die Kruis'?

Ps. 121 (1)

**[10]**



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



**Vraag 2 Safari**

Lees deur die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Safari – D.J.Opperman

Niks
staan
stil –
alles
kry
voete,
beweeg
in
lang
Stoete:
grassteeltjies,
kosyne,
stede
en
treine;
oor
Saharas
en
savannes
die
optog
van
alle
paaie
oor
die
wêreldrond
na
die
gaatjie
in
die
Grond

o

2.1. Hoe stem die twee gedigte 'Safari' en 'Sefapano' ooreen?

albei Vormgedigte, Vryevers, Pad. (1)

2.2. Haal **een woord** aan wat dieselfde beteken as **ontdekkingsreis** .

Safari / Stoete (1)



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



2.3. Waarna verwys die 'o' in versreël 34?

Die einde van jou lewe wat eindig in 'n gaatjie in die grond. Die graf = einde. (1)

2.4. Watter woorde in die gedig hou verband met die onderstaande woorde?

'optog' stoete en 'alles kry voete' beweeg (1)

2.5. Is die volgende stellings **Waar** of **Onwaar**. **Haal** elke keer `n **woord** uit die gedig **aan** om jou antwoord te motiveer.

2.5.1. 'Die Safari strek net oor Afrika.'

Onwaar "wêreldrond" (1)

2.5.2. 'Alles wat beweeg word net per voet afgelê.'

Onwaar "treine" "~~pa~~" (1)

2.6. Verduidelik wat die titel en die tipografie van die gedig in gemeen het?

Safari is 'n pad, lewensreis, deur alle ontberinge tot by die dood. (1)

2.7. Waarom, bestaan elke versreël net uit een woord?

Vryevers. / Lees woord vir woord (1)

**[8]**



**Vraag 3. Die Brief - Pieter Strauss**

**'Die bordwisser woer-woer deur die lug. Dit tref die seun Whap! Sy mond gaan woordeloos oop en weer toe soos 'n vloedwatervis in 'n leeggeloopte vlei. Al met sy armsenuwees langs priem 'n pyn tot in sy vingerpunte, terwyl fyn krytstof om hom stuif.'**

3.1.1 Hoekom word Peter se mond met 'n vloedwatervis vergelyk?

Dit is oop/ hy gaap onderwysers aan/ verstom (1)

3.1.2 Waarom is Peter in die moeilikheid?

Hy het sy wiskunde vooruit gedoen (1)

3.1.3 Watter vak gee Juffrou Hoefnagel?

Wiskunde (1)

3.1.4 Hoe lank is Peter nou al in die skool?

3 weke (1)

3.2 Waarom bly Peter en sy familie nooit lank in een dorp nie.



Downloaded from eduresourceza.com

Downloaded from eduresourceza.com



Pa Kontrakwerker
Trek saam as pa werk kry. (2)

3.3 Waarmee terg Peter se pa hom?

Sy hakkel (1)

3.4 Wat kan Peter gewoonlik hieruit aflei?

Dat sy pa dronk is. (1)

3.5 Verander elke keer **een woord** in die stelling om die stelling reg te maak.

Skryf **net die veranderde woord** neer.

3.5.1 Gert Momberg se pa is `n prokureur.

dokter (1)

3.5.2 Juffrou Hoefnagel moes eerder `n Tennis speler gewees het, volgens Gert.

Jukskei (1)

3.5.3 Peter Bollaert bly in `n woonstel.

opslaanhuis (1)

3.6 Juffrou Hoefnagel het nie die brief gelees nie.

3.6.1 Wat het sy daarmee gedoen?

Stukkend geskeur en is die
asblik gegooi. (1)

**[12]**

**TOTAAL: 30**






Downloaded from eduresourceza.com